higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

PROJEKBESTUUR
NKR VLAK 3

(3081033)

27 November 2023
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

388Q1N2327

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
PROJEKBESTUUR
NKR-VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 ’n Tydlyn is die proses om te besluit wat gedoen sal word, wanneer en deur wie.

1.2 Kosteberaming is wanneer ’n benadering van die koste van die hulpbronne wat nodig is om projekbedrywighede te voltooi, ontwikkel word.

1.3 ’n Projekouditspoor is ’n volgorde van stappe wat gevolg kan word deur dokumente te gebruik as bewys van aksies en besluite wat tydens ’n projek geneem is.

1.4 Veranderlike koste is die koste wat tydens die duur van die projek konstant bly.

1.5 ’n Demokratiese bestuurder sê vir hul spanlede presies wat om te doen en hoe om dit te doen.

1.6 Kernbevoegdhede is die algemeen toepaslike bevoegdhede wat van ’n projekspanlid verwag word.

1.7 ’n Elektronies-gebaseerde liasseerstelsel behels die stoor van dokumente in lêers in liasseerkabinette.

1.8 Die herwinning, behoud en beskerming van projekdokumente is deel van die pligte van die projekadministrateur.

1.9 Swak kommunikasie kan konflik in ’n span veroorsaak.

1.10 Die rolle van ’n bestuurder sluit interpersoonlike, inligtings- en besluitnemingsrolle in.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

hoof-; uitgangskriteria; etiese; vooruitskatting; integriteit; gratifikasie; afrigting-; netwerkdiagram; wins-; veranderingsbeheer-; mylpaal

2.1 … is die geld of geskenke wat aan iemand gegee word om hulle te bedank vir iets wat hulle gedoen het.

2.2 … is die eienskap van 'n leier wat wys dat hulle betroubaar, eerlik en deursigtig is.

2.3 'n … marge moet ingesluit word wanneer die koste van elke element beraam word.

2.4 'n Reeks dokumente wat die prosedure uiteensit van hoe verandering vir die duur van die projek hanteer sal word, staan bekend as 'n … stelsel.

2.5 … gedrag toon 'n bewustheid van die praktyk van wat reg is en nie reg is nie.

2.6 … is 'n element van die projekplan.

2.7 Die leierskapstyl wat 'n … styl genoem word, werk die beste wanneer die spanlede nie seker is hoe om die werk te doen nie en ondersteuning nodig het.

2.8 'n … is 'n grafiese hulpmiddel vir die aanduiding van die onderlinge afhanklikhede tussen take in 'n projek.

2.9 'n … skedule word gebruik om al die hoof- lewerbare items en -mylpale van 'n projek op te som.

2.10 … is die beraming of voorspelling van die koste van toekomstige geleenthede.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.

MJ HAIRWORX-PROJEK



Max en Jessie was ná die COVID-19-pandemie genoodsaak om oor te begin. Die bekwame paartjie het geweet hulle sal geld bespaar deur ’n kamer in hul huis op te knap en van die huis af te werk, eerder as om ’n plek in die winkelsentrum te huur. Hulle het in Januarie 2022 MJ Hairworx vanaf hul huis begin, wat in ’n goeie area geleë is. Hulle het besluit om ’n maatskappy aan te stel om hul dubbelmotorhuis in ’n ten volle funksionele haarsalon te omskep. Die motorhuis het maklike toegang, wat ook sou beteken dat dit nie hul privaatheid sou hinder wanneer kliënte kom en gaan nie.

Jackson en sy span is aangestel om die Hairworx-projek te bestuur en het met Max en Jessie vergader om die uitkomstes, spesifikasies, tydraamwerk en begroting vir die projek te bepaal. Max en Jessie het presies onderskei wat hulle wou hê, wat dit vir Jackson baie maklik gemaak het om die projekomvangstaat op te stel. Max wou ’n rustieke voorkoms hê met houtteksture, bruin, swart en grys kleure. Jessie wou ’n koffiestasie met ’n koffiemasjien en baie groen plante hê. Die salon moet modern wees, maar die kliënte moet tuis voel. Die paartjie het ook gevra vir gemaklike stoele by die wasbakke, ’n sitkamer met banke waar kliënte kan ontspan terwyl hulle wag, asook ’n badkamer. Max en Jesse wou groot vensters en glasskuifdeure hê vir baie natuurlike lig in hul salon.

Met 15 jaar ondervinding, het Jackson geweet hy sou aan die verwagtinge van die Hairworx-projek kon voldoen, maar moet nietemin waaksaam wees vir risiko’s wat kan voorkom. Die begroting vir die projek is beraam teen R160 000. Jackson het die projek geskeduleer om binne twee weke te geskied, sodat die paartjie so gou as moontlik in hul nuut opgeknapte salon kan begin werk.

VRAAG 3

3.1 Verduidelik wat ’n *tegniek* is met betrekking tot projekbestuur en gee DRIE voorbeelde van tegnieke wat vir die Hairworx-projek gebruik kan word. (5)

3.2 Verduidelik hoekom dit belangrik is dat Jackson erkenning aan sy span gee. (2)

3.3 Onderskei tussen die TWEE basiese optredes van ’n leier:

3.3.1 *Rigtinggewend*

3.3.2 *Ondersteunend*

(2 × 2) (4)

3.4 ’n Gantt-grafiek is ’n nuttige projekbestuurshulpmiddel.

Bespreek die voordele en beperkings van die gebruik van ’n Gantt-grafiek vir die Hairworx-projek. (5 + 5) (10)

3.5 Noem DRIE aspekte wat Jackson in ag moet neem wanneer hy take vir die projekspan identifiseer in ooreenstemming met die projekplan. (3 × 1) (3)

3.6 Dui aan of die volgende take/pligte die verantwoordelikheid van LEIERSKAP of BESTUUR is deur slegs 'Leierskap' of 'Bestuur' langs die vraagnommer (3.6.1–3.6.6) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.6.1 Definiëring van rolle en verantwoordelikhede vir spanlede

3.6.2 Beplanning van die projek deur doelwitte te bepaal en strategieë te formuleer om doelwitte te bereik

3.6.3 Motivering van die span om die visie van die projek te volg

3.6.4 Delegering van take aan spanlede wat ervare is en vertroue in hul vermoëns het

3.6.5 Aanmoediging van spanlede om hulself persoonlik te ontwikkel

3.6.6 Vergelyking van die werklike prestasie van die span teen die projekplan

(6 × 1) (6)
[30]

VRAAG 4

4.1 Wanneer die gedragskode oortree word, moet die projekbestuurder ’n vyf-stap-proses volg om die oortreding te hanteer.

Noem die VYF stappe wat Jackson moet volg om die oortreding te hanteer. (5 × 1) (5)

4.2 Belangebotsing moet by die gedragskode vir die Hairworx-projek ingesluit word.

Verduidelik wat met *belangebotsing* bedoel word en gee ’n voorbeeld. (3)

4.3 Lys die VYF projekbestuurprosesse wat Jackson volgens die PMBOK moet volg. (5 × 1) (5)

4.4 Onderskei vir die projekbestuurspan tussen *projekbestuur* en *algemene bestuur*. (5 + 5) (10)

4.5 Hoekom is dit belangrik om die Hairworx-projek te ontleed? (3)

Kopiereg voorbehou

4.6 Die persoonlike regte van spanlede moet tydens die projek gerespekteer word.

Verduidelik hoe Jackson etiek kan toepas ten opsigte van die volgende persoonlike regte:

4.6.1 Arbeidsverhoudinge

4.6.2 Menswaardigheid

4.6.3 Gelykheid

(3 × 3) (9)
[35]

VRAAG 5

5.1 Noem en bespreek DRIE maniere waarop spandinamika verbeter kan word deur die gebruik van konsultasie en gesamentlike besluitneming. (3 × 2) (6)

5.2 Verduidelik VYF situasies wat die doeltreffendheid van die projekspan kan verhinder. (5 × 2) (10)

5.3 Jackson moet die hulpbronvereistes vir die Hairworx-projek bepaal. Hy skat dat die volgende nodig sal wees om die dubbelmotorhuis te verf: Drie verwers wat vir drie dae agt uur per dag werk en 50 liter verf gebruik. Die verwers benodig rollers, lere, kwaste en verlengstokke teen 'n koste van R230 per dag. Die verwers verdien R35 per uur en die verf kos R50 per liter.

5.3.1 Bereken die totale koste vir die verwers. (4)

5.3.2 Bereken die koste van die verf en toerusting. (2 × 2) (4)

5.3.3 Bereken die totale bedrag van die hulpbronne wat nodig is om die Hairworx-salon te verf. (2)

5.3.4 Noem EEN ander hulpbron wat nodig is vir die voltooiing van die Hairworx-projek wat NIE in VRAAG 5.3.1–5.3.3 genoem is nie. (1)

5.4 Hoe moet Jackson afwykings van werklike koste teen begrote koste aan 'n hoër gesag kommunikeer? (3)
[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 Hoekom is dit voordelig vir projekte om template te gebruik? (2 × 2) (4)

6.2 Ontwerp ’n eenvoudige kleinkasbewys en kleinkaskontantontvangstemplaat vir die Hairworx-projek. (10)

6.3 Projekbestuurshulpmiddels en -tegnieke het dikwels beperkings.

Watter korrektiewe stappe kan Jackson neem om inspeksiebeperkings teen te staan? (2 × 2) (4)

6.4 Risiko-areas met gebeurlikheidsplanne is uiters belangrik vir die projekplan.

6.4.1 Noem enige DRIE risiko’s wat tydens die Hairworx-projek kan voorkom. (3 × 1) (3)

6.4.2 Ontwikkel ’n gebeurlikheidsplan vir elk van die risiko’s wat in VRAAG 6.4.1 genoem is. (3 × 2) (6)

6.5 Verduidelik kortliks die doelwitte van die Hairworx-projek wat by die projekplan ingesluit moet word. (2 × 2) (4)

6.6 Hoe moet die projekadministrateur van die Hairworx-projek sensitiewe of vertroulike dokumente hanteer? (4 × 1) (4)

[35]

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou